# DIE ROL VAN DIE OWERHEID IN DIE VOORSIENING VAN GEORGANISEERDE MAATSKAPLIKE WELSYNSDIENS IN SUID-AFRIKA, 1902 - 1995

C M DE NECKER

# *DIE ROL VAN DIE OWERHEID IN DIE VOORSIENING VAN GEORGANISEERDE MAATSKAPLIKE WELSYNSDIENS IN SUID-AFRIKA, 1902 - 1995*

deur

**Catharina Maria de Necker**
**B.A. (Hons.)**

Verhandeling voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad Magister Artium in Geskiedenis in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

**Studieleier:**
Dr. Elize S. van Eeden

**Hulpstudieleier:**
Prof. G.J. Kotze

Mei 1998

# VOORWOORD

Hierdie studie sou nie moontlik gewees het sonder die hulp van verskillende instansies en 'n aantal persone nie:

Alle eer aan God wat my die krag en moed gegee het om die studie aan te pak en te voltooi.

Innige dank aan my ouers vir hulle ondersteuning en opofferings gedurende die afgelope vier jaar.

Dank aan die personeel van die Nasionale Argiefbewaarplek te Pretoria wat gehelp het met die soek en insamel van die argiefstukke. Erkenning aan die Departement Maatskaplike Werk aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), en in besonder professor G.J. Kotze, my hulpstudieleier. Laastens maar beslis nie die minste nie, dank aan die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek (PU vir CHO) vir die soek van Owerheidspublikasies en sekondêre bronne.

Professor P.D. van der Walt (emiritus professor Departement Afrikaans/Nederlands, PU vir CHO) word ook vir die keurige taalversorging bedank.

Geldelike bystand gelewer deur die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling (RGN, Suid-Afrika) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie noodwendig aan die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling toegeskryf word nie.

'n Spesiale woord van dank aan dr. E.S. van Eeden vir die leiding en hulp met die studie en vir waardevolle kommentaar gelewer tydens die skryf hiervan.

C. M. de Necker
Mei 1998
Klerksdorp

# INHOUDSOPGAWE


**VOORWOORD** . . . . . . . . . . i

**SUMMARY** . . . . . . . . . . viii

**SAMEVATTING/OPSOMMING** . . . . . . . . . . xii

## HOOFSTUK EEN

**INLEIDING** . . . . . . . . . . 1

1.1 PROBLEEMSTELLING . . . . . . . . . . 1

1.2 DOELSTELLINGS . . . . . . . . . . 2

1.3 SENTRAAL-TEORETIESE STELLINGS . . . . . . . . . . 2

1.4 METODE VAN ONDERSOEK . . . . . . . . . . 3

1.5 TERMINOLOGIE-OMSKRYWING . . . . . . . . . . 4

1.5.1 Owerheid . . . . . . . . . . 4

1.5.2 Maatskaplike welsynsdiens . . . . . . . . . . 5

1.5.3 Demokrasie . . . . . . . . . . 5

1.5.4 Kultuur . . . . . . . . . . 5

1.5.5 Ras . . . . . . . . . . 5

1.5.6 Beleid . . . . . . . . . . 6

1.5.7 Welsynsbeleid . . . . . . . . . . 6

1.5.8 Maatskaplike beleid . . . . . . . . . . 6

1.5.9 Ideologiese paradigma . . . . . . . . . . 6

1.5.10 Belangegroep . . . . . . . . . . 7

1.5.11 Gemeenskap . . . . . . . . . . 8

1.5.12 Privaat/Vrywillige/Partikuliere welsynsorganisasie . . . . . . . . . . 8

1.5.13 Statutêre welsynsorganisasie . . . . . . . . . . 8

1.5.14 Maatskaplike bystand (maatskaplike hulp) . . . . . . . . . . 8

1.5.15 Maatskaplike diens . . . . . . . . . . 9

1.5.16 Maatskaplike ontwikkeling . . . . . . . . . . 9

1.5.17 Maatskaplike probleem . . . . . . . . . . 9

1.5.18 Maatskaplike sorg . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 9
1.5.19 Maatskaplike werk . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 10
1.5.20 Verstedeliking . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 10
1.5.21 Afrikanernasionalisme . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 10
1.6 'N HISTORIESE PERSPEKTIEF OP METODOLOGIESE EN FILOSOFIESE TENDENSE IN MAATSKAPLIKE WELSYNSDIENS IN DIE BUITELAND . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 11
1.6.1 Metodologiese tendense . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 11
1.6.2 Filosofiese tendense . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 12
1.7 BEVOLKINGSGROEPE IN SUID-AFRIKA . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 13
1.7.1 Blank . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 13
1.7.2 Swart . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 14
1.7.3 Kleurling . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 14
1.7.4 Indiër . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 14
1.8 ALGEMEEN . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 15

## HOOFSTUK TWEE

**DIE BENADERING VAN DIE OWERHEID TOT MAATSKAPLIKE SORG IN SUID-AFRIKA TEEN 1902 - 'N HISTORIESE OORSIG . . . . . . . . . . . . . . 17**
2.1 FASETTE VAN MAATSKAPLIKE SORG ONDER DIE VERNAAMSTE INHEEMSE GROEPE IN SUID-AFRIKA . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 18
2.2 MAATSKAPLIKE SORG VAN BLANK, VRYBURGER EN SLAAF ONDER DIE VEREENIGHDE G'OCTROIJEERDE OOST INDISCHE COMP[E] (VOC) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 20
2.3 MAATSKAPLIKE SORG IN DIE KOLONIES EN REPUBLIEKE, 1795 - 1902 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 23
2.4 GEFOKUSDE MAATSKAPLIKE DIENSTE KRY BESLAG . . . . . . . . . . 27
2.5 DIE BENADERING VAN DIE OWERHEID TOT MAATSKAPLIKE DIENSTE TEEN 1902 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 29

## HOOFSTUK DRIE

**MAATSKAPLIKE DIENSSTRUKTURE GEDURENDE DIE PERIODE VAN BRITSE ADMINISTRASIE, 1902 - 1910 .......................... 30**

3.1 DIE MAATSKAPLIKE POSISIE IN SUID-AFRIKA NA 1902 .......... 31

3.2 MAATSKAPLIKE HEROPBOU TOT 1910 .......................... 31

3.2.1 Hervestiging en repatriasie .......................... 31

3.2.2 Die bydrae van die Owerheid tot die voorsiening van onderwys .. 35

3.2.3 Die eerste partikuliere welsynsorganisasies .................. 36

3.3 DIE STAND VAN MAATSKAPLIKE WELSYNSDIENSTE TEEN 1910 . 40

## HOOFSTUK VIER

**KATALISATORS VIR 'N DINAMIES-GESTRUKTUREERDE OWERHEIDSWELSYNSFOKUS OP MAATSKAPLIKE WELSYNSDIENS, 1911 - 1948 ................................................ 42**

4.1 'N POLITIES-IDEOLOGIESE BESKOUING VAN DIE OWERHEIDS-VISIE ............................................ 42

4.2 POLITIEKE EN EKONOMIESE TENDENSE SE UITWERKING OP MAATSKAPLIKE STRUKTURE ................................ 45

4.2.1 Posisie van blankes .................................. 46

4.2.2 Posisie van swartmense .............................. 47

4.2.3 Posisie van Kleurlinge ............................... 48

4.2.4 Posisie van Indiërs .................................. 49

4.2.5 Die baanbrekerswerk van partikuliere welsynsorganisasies ...... 50

4.3 'N GESTRUKTUREERDE OWERHEIDWELSYNSFOKUS KRY MOMENTUM ............................................ 52

4.3.1 Kommissies se rol .................................... 52

4.3.2 Die Owerheid aanvaar verder welsynswetgewing ............ 56

4.3.3 Welsynskemas van Owerheidsdepartemente ................. 57

4.3.4 'n Departement van Volkswelsyn kry beslag .............. 59

4.3.5 Werksaamhede van die Departement van Volkswelsyn ......... 61

4.3.5.1 Departementele organisasie ......................... 61

4.3.5.2 Hantering van prominente maatskaplike vraagstukke . . . 64
4.4 DIE STAND VAN MAATSKAPLIKE WELSYNSDIENS DEUR DIE OWERHEID TEEN 1948 . . . 66

## HOOFSTUK VYF

**RASSEDIVERSIFISERING VAN WELSYNSDIENSPROGRAMME DEUR DIE OWERHEID, 1948 TOT 1994 . . . 67**
5.1 AFRIKANERNASIONALISME AS POLITIEKE IDEOLOGIE - 'n VERANDERDE WELSYNSFOKUS . . . 67
5.2 DIE NASIONALE PARTYOWERHEID EN DIE VERSKAFFING VAN WELSYNSDIENSTE . . . 72
5.2.1 Welsynsbeleid in Suid-Afrika, 1948 - 1994 . . . 72
5.2.1.1 Owerheidsdepartemente en maatskaplike welsynsdienste 72
5.2.1.2 Die hantering van kinders . . . 75
5.2.1.3 Bejaardesorg . . . 78
5.2.1.4 Gestremdesorg . . . 79
5.2.1.5 Gesinsorg . . . 80
5.2.1.6 Dwelmafhanklikheid . . . 82
5.2.1.7 Ander dienste . . . 83
5.2.2 Die rol van Owerheidsdepartemente en interdepartementele komitees en kommissies . . . 86
5.2.3 Die Owerheid en welsynsopleiding . . . 90
5.2.3.1 Opleiding van maatskaplike werkers en indiensopleiding 90
5.2.3.2 Navorsing . . . 91
5.3 RASSEDIVERSIFISERING VAN WELSYNSDIENSPROGRAMME MET BETREKKING TOT WETGEWING . . . 94
5.3.1 Die Owerheid en die maatskaplike posisionering van swartmense . 94
5.3.2 Die Owerheid se maatskaplike hulpverlening aan die Kleurling . . . 97
5.3.3 Die Owerheid, die Indiërgemeenskap en maatskaplike versorging . 99
5.3.4 Die Owerheid en die blanke gemeenskap se maatskaplike behoeftes . . . 100

5.4 DIE OWERHEID EN PARTIKULIERE INISIATIEF MET BETREKKING TOT MAATSKAPLIKE DIENSLEWERING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 100
5.5 PROMINENTE WELSYNSWETGEWING VANAF 1948 TOT 1994 EN DIE INVLOED DAARVAN OP MAATSKAPLIKE DIENSTE . . . . . . . . . . . . . . 103
5.6 DIE STAND VAN MAATSKAPLIKE WELSYNSDIENS SOOS GELEWER DEUR DIE OWERHEID TEEN APRIL 1994 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 106

**HOOFSTUK SES**

**'N DEMOKRATIESE IDEOLOGIE BINNE DIE RAAMWERK VAN MAATSKAPLIKE DIENSLEWERING, APRIL 1994 - DESEMBER 1995 . 108**
6.1. DEMOKRASIE AS IDEOLOGIESE PERSPEKTIEF . . . . . . . . . . . . . . . . . 108
6.2 DIE HEROPBOU- EN ONTWIKKELINGSPROGRAM AS EERSTE STAP NA DEMOKRATIESE MAATSKAPLIKE WELSYNSDIENSTE IN SUID-AFRIKA . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 109
6.3 DIE DEPARTMENT VAN WELSYN, APRIL 1994 - DESEMBER 1995 . 111
6.4 TOEKOMSVERWAGTINGE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 113

**HOOFSTUK SEWE**

**SAMEVATTENDE EVALUERING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 116**

**BRONNELYS . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 119**

# TABELLE

Tabel 1: Kommissies en Komitees, 1910 - 1948 .......................... 53
Tabel 2: Welsynswetgewing, 1910 - 1948 ............................. 56
Tabel 3: Skemas oorgeneem deur die Departement van Volkswelsyn, 1937 - 1939 ............................................ 57
Tabel 4: Van die skemas gesubsidieer deur die Departement van Volkswelsyn . 62
Tabel 5: Owerheidsdepartemente verantwoordelik vir welsynsdienste aan die vernaamste gemeenskappe in Suid-Afrika, 1910 - 1994 ............ 71
Tabel 6: Van die Nasionale Konfensies rakende welsynsaangeleenthede gehou sedert 1948 ............................................... 89
Tabel 7: Komitees van ondersoek, 1948 - 1994 ........................ 106

# SUMMARY

Welfare has always been an integral part of all communities all over the world. Helping those less fortunate or in need, has been a part of society since time began. Therefore, it is not strange that almost always, private organizations were formed to care for the need, before state intervention.

The indigenous people of South Africa were no exception to this. The members of a tribe lived in close proximity to each other and they inevitably depended on each other for food, shelter and clothing. Communal belongings were a part of daily life and everyone had as little or as much as his neighbour. Their attitude towards the social welfare of the community could be seen as social care which developed spontaneously. In the traditional communities in South Africa, the chief, however, did not play any vital role in the administration of welfare services.

The introduction of Western-like ideas, cultures and traditions brought about a change in the traditional life of the peoples of South Africa in 1652. The VOC and British governments saw in the black, coloured and Indian populations of the country, a rich resource of labour which was to be harvested to the benefit of the white ruling class.

The various colonial and republican governments did not play an active part in the provision of welfare services in the first 250 years after Jan van Riebeeck settled at the Cape in 1652. The various governments did, however, from time to time, as a specific need arose, proclaim laws to help the destitute. Examples hereof are the "Meesters en Dienstboden" Act of 1856, which provided better circumstances for servants, and the Friendly Societies Act of 1882, which helped the establishment of societies to help the destitute financially, or with the provision of food and other commodities.

The discovery of minerals during the 1860's in South Africa, brought about large scale urbanization of all the population groups. All populations had difficulty adapting to city life and industrial surroundings. Poverty of inhabitants of the country led to the so-called poor white ("Armblanke") problem and the poor black problem which continued well into

the twentieth century. This resulted in the churches becoming more closely involved in welfare. It was particularly the white people who benefited. The government's response was only to proclaim legislation aimed at solving the social problems that particular and non-particular organizations had requested.

The South African War (1899 - 1902), and the devastation accompanying it, brought not only a change of governments, but also a different attitude within central government. The British administration in South Africa helped thousands of displaced citizens of the former South African Republic and Orange Free State, to relocate. Compensation, such as food, shelter and clothing, as well as agricultural equipment, was provided. All population groups were affected during the War. Although the British government assisted people to a large extent, the different populations were not treated equally. All of this led to a worsening of the social crisis in South Africa.

It was also during the South African War that the country experienced an increase in the number of private welfare organizations. With help from British welfare organizations, the South African organizations attempted to alleviate the suffering of the men, women and children in the concentration and prisoner-of-war camps. People like Emily Hobhouse, Joshua Rowntree and Fox Bourne, and particular organizations like the Friendly Societies can be mentioned in this regard.

Since the unification of the four British colonies in 1910, and until the early 1930's, the South African government, true to the international ideology, did not involve itself too directly in welfare activities. There was no governmental department concentrating on the welfare situation of the different populations.

The government's role in welfare, during the period between 1910 and 1931, was largely restricted to the passing of a number of laws, to alleviate social problems. These laws mainly concentrated on the disabled, the child, and those left desolate by the Great War of 1914 - 1918, and the resulting economic problems in the country.

It was the Great Depression of 1929, and the influence it had on South Africa, combined with the insistence of the Afrikaner cultural, religious and economical organizations, like the Carnegie Commission, that activated the government into taking the responsibility for official welfare activities. In 1937, the government's involvement led to the establishment of the Department of Welfare. Since its inception this department took responsibility for the planning and implementing of official welfare services and welfare policy.

In this regard it is important to point out the role played by Dr H F Verwoerd, especially as he was to have a great influence on South Africa's history in the future. As Head of the Department of Social Work at the University of Stellenbosch, and prominent leader at the "Volkskongres" of 1934, he played a vital role in the formation of the Department of Welfare in 1937.

From 1937 onwards, the Department of Welfare concentrated on establishing new services, and expanding the existing services for the different population groups. The government stated clearly that it cannot and would not take sole responsibility for welfare services and programmes, but that it will work in unison with established welfare organizations. The government's main reason for this policy was the lack of highly trained welfare personnel, and the fact that the newly formed Department of Welfare was still in a process of establishing its own work method. Therefore an individual had to provide for himself, while the aim of state and particular welfare organizations were only to enable a person to be self-sufficient. In this, the state provided the legal framework for this co-operation and granted subsidies to various organizations, to provide welfare services to especially the needy, aged, or disabled.

An outstanding characteristic of the government's role in welfare, since 1938, has been that there have always been more services provided for the white population than for the other population groups. This principle was further endorsed, after 1948, with the introduction of the National Party's apartheid policy. Welfare services rendered by the Department of Welfare were then divided between the different departments of government responsible for the different populations. This meant that, instead of a core personnel dealing with welfare affairs, four departments were involved and a special

interdepartmental commission had to be established to co-ordinate the welfare services. In essence, it meant more people, more money-output, and a duplication of infrastructural needs for which John Citizen had to pay.

Due to the changing nature of South Africa, the government did concentrate more on expanding existing welfare schemes and programmes, amongst these were child abuse, care of the aged and the disabled. Research into social problems and contact with overseas countries in this regard, became an important aspect of the state's welfare planning and renewal as from the 1960's. More emphasis was also placed on in-service-training and the ability of social workers to keep abreast with the newest methods and techniques in use. The government required that the expertise and knowledge of social workers employed in its service had to be kept on a par with those of outside countries.

At the beginning of the 1980's, the black, Indian and Coloured populations continually expressed a desire for gaining greater responsibility for the planning and managing of the welfare services for the respective populations. The 1984 tri-chamber parliament offered some consolation to the Indian and Coloured populations. The black population still did not have any representation politically, or direct involvement, at government level, in their welfare activities. The official policy of the government therefore was that the welfare services for blacks should still be co-ordinated, administrated and structured from the different homelands.

Only in 1994, with the election and the inauguration of the first democratic government of South Africa, all the welfare services for the four population groups were combined into one Department of Welfare. The combining of the various government orchestrated welfare services, typified the commitment of the government to the democratic principle of equality.

# SAMEVATTING/OPSOMMING

Maatskaplike sorg was nog altyd 'n integrale deel van alle gemeenskappe dwarsoor die wêreld. Hulpverlening aan die behoeftige of noodlydende was nog altyd 'n deel van die menslike samelewing. Daarom is dit nie vreemd nie dat partikuliere welsynsorganisasies byna altyd sigbaar was in hulpverlening voor die Owerheid meer konstruktief toegetree het.

Die inheemse gemeenskappe van Suid-Afrika was geen uitsondering hierin nie. Die lede van hierdie onderskeie gemeenskappe het in noue kontak met mekaar geleef en het op mekaar vertrou in die soeke na kos, skuiling en kleding. Gemeenskaplike besittings was deel van die daaglikse lewe en almal het net so min of so veel as sy "buurman gehad". Die benadering teenoor maatskaplike welsyn kan beskou word as maatskaplike versorging wat spontaan ontwikkel het en uitgeleef is. In die tradisionele gemeenskappe in Suid-Afrika het die hoofman as vernaamste verteenwoordiger van die stam-"Owerheid", geen direkte rol in die verskaffing van maatskaplikesorgdienste aan die gemeenskap gespeel nie.

'n Blootstelling aan Westerse idees, kulture en tradisies vanaf 1652 het 'n verandering in die tradisionele lewe van die gemeenskappe van Suid-Afrika teweeggebring. Die VOC en Britse Owerheid het die swart, Kleurling- en Indiërgemeenskappe van die land, as 'n ryk bron van arbeid beskou wat vir die verryking van die wit regeerders gebruik moes word.

Die onderskeie koloniale en republikeinse Owerhede het nie 'n aktiewe rol in die verskaffing van maatskaplike welsynsdienste gedurende die 250 jaar na Jan van Riebeeck(Nederland) se koms na die Kaap in 1652 nie. Die onderskeie Owerhede het egter van tyd tot tyd, soos die behoefte ontstaan het, verskeie wette geproklameer om die noodlydendes te help. Hieronder tel die "Meesters en Dienstboden"-Wet van 1856 wat beter omstandighede vir werkers daargestel het. Verder is deur die Vriendelike Verenigings (Friendly Societies)-Wet van 1882 verseker dat organisasies gestig is wat

finansiële bystand of deur die verskaffing van kos en ander noodsaaklike items die behoeftiges kon help.

Die ontdekking van minerale teen 1860 in Suid-Afrika het grootskaalse verstedeliking vir alle gemeenskappe in die land meegebring. Al die gemeenskappe het dit moeilik gevind om aan te pas by die stedelike lewensomstandighede en die industriële omgewing waarin hulle hul bevind het. Armoede onder die blanke gemeenskappe het gelei tot die sogenaamde armblankevraagstuk en onder die swart gemeenskap tot die armswartvraagstuk. Dié armoedevraagstuk het tot diep in die twintigste eeu voortgeduur.

As uitvloeisel van die armoedeprobleme het die kerke meer betrokke begin raak by die verskaffing van welsynsdienste. Veral die blanke gemeenskap het hieruit voordeel getrek. Die Owerheid het gereageer deur die aanneem van wetgewing wat daarop gemik was om die maatskaplike probleme te bekamp. Hierdie wetgewing het voorts gevloei uit die talle versoeke van die partikuliere welsynsorganisasies aan die Owerheid om direk betrokke te raak by die verskaffing van welsynsdienste aan die gemeenskappe in Suid-Afrika.

Die Anglo-Boereoorlog (tans ook bekend as die Suid-Afrikaanse Oorlog,1899 - 1902, en hier af aan so genoem ter wille van konsekwentheid), en die verwoesting wat daarmee gepaard gegaan het, het nie net 'n verandering by die Owerheid teweeggebring nie maar ook 'n verandering van benadering tot maatskaplike diens deur die Owerheid daargestel. Die Britse Administrasie in Suid-Afrika het duisende burgers van die eertydse Zuid-Afrikaanse Republiek(ZAR) en Oranje-Vrystaat(OVS) hervestig. Kompensasie in die vorm van kos, skuiling en kleding asook landbougereedskap is voorsien. Alle gemeenskappe in Suid-Afrika is deur die Suid-Afrikaanse Oorlog geraak. Alhoewel die Britse Owerheid hulp aan al die gemeenskappe verleen het, is almal nie op gelyke voet behandel nie. Dit het bygedra tot 'n verslegting van die maatskaplike krisis in Suid-Afrika.

Dit was gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog dat die land 'n toename in die aantal partikuliere welsynsorganisasies getoon het. Met die hulp van Britse welsynsorganisasies het die Suid-Afrikaanse organisasies gepoog om die lyding van die mans, vrouens en kinders in die konsentrasiekampe en die krygsgevangenekampe te verlig. Persone soos

Emily Hobhouse, Joshua Rowntree en Fox Bourne, en partikuliere organisasies soos die Vriendelike Verenigings, het waardevolle hulp verleen.

Sedert unifikasie van die vier Britse kolonies in 1910 het die Suid-Afrikaanse Owerheid, getrou aan internasionale ideologieë van die tyd, nie direk by welsynsaktiwiteite betrokke geraak nie. Daar was gedurende die dertigerjare geen Owerheidsdepartement wat spesiaal gekonsentreer het op die verskaffing van welsynsdienste aan die Suid-Afrikaanse gemeenskappe nie.

Die Owerheid se bydrae tot welsynsdienste in die periode 1910 tot 1931 was grootliks beperk tot die proklameer van 'n aantal wette wat daarop ingestel was om maatskaplike probleme te verlig. Dié wette het meestal gekonsentreer op die gestremde, die kind en daardie deel van die gemeenskap wat maatskaplik en ekonomies verswak was as gevolg van die Eerste Wêreldoorlog (1914 - 1918).

Die Groot Depressie van 1929 en die invloed wat dit op Suid-Afrika gehad het, gekombineer met die opkoms van talle Afrikaner-kultuur-, godsdiens- en ekonomiese organisasies, soos die Carnegie-Kommissie van 1932, het die Owerheid gedwing tot aktiewe deelname aan maatskaplike welsynsdienslewering. In 1937 het die Owerheid se deelname gelei tot die instelling van die Departement van Volkswelsyn. Dié Owerheidsdepartement het die verantwoordelikheid vir die beplanning en implementering van amptelike maatskaplike dienste en beleid op hom geneem.

In verband hiermee is dit belangrik om die rol van dr. H.F. Verwoerd uit te wys, veral aangesien hy in die toekoms 'n groot invloed op Suid-Afrika se geskiedenis sou hê. As Hoof van die Departement Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Stellenbosch en prominente leier tydens die Volkskongres van 1934, het hy 'n belangrike rol in die vorming van die Departement van Volkswelsyn in 1937 gespeel.

Sedert 1937 het die Departement van Volkswelsyn gekonsentreer op die daarstel van nuwe maatskaplike dienste en die uitbrei van bestaande dienste vir die onderskeie gemeenskappe in Suid-Afrika. Die Owerheid het dit duidelik gestel dat die

verantwoordelikheid vir maatskaplike welsynsdienste en maatskaplike welsynsprogramme nie alleen op sy skouers kon rus nie. Die Owerheid sou wel met die partikuliere welsynsorganisasies saamwerk in die verskaffing van maatskaplike welsynsdienste.

Die Owerheid se hoofrede hiervoor was die gebrek aan hoogopgeleide maatskaplike werkers en die feit dat die nuutgevormde Departement van Volkswelsyn nog besig was om sy voete te vind. Daarom moes 'n indiwidu in staat wees om vir homself te sorg, terwyl die Owerheid en die partikuliere welsynsorganisasies die indiwidu moes help om selfstandig binne die gemeenskap te funksioneer. Die Owerheid het die wetlike raamwerk vir hierdie samewerking daargestel en partikuliere welsynsorganisasies verder gesubsidieer om sodoende maatskaplike welsynsdienste aan die behoeftige, die bejaarde of die gestremde te lewer.

Die vernaamste kenmerk van die Owerheid se rol in welsynsdienslewering na 1938 is dat daar altyd meer welsynsdienste aan die blanke gemeenskap as aan die ander gemeenskappe gelewer is. Hierdie beginsel het verdere ondersteuning gevind in 1948 met die bekendstelling van die Nasionale Party se Apartheidsbeleid. Die maatskaplike welsynsdienste gelewer deur die Departement van Volkswelsyn is verdeel tussen die verskillende Owerheidsdepartemente wat verantwoordelikheid vir die onderskeie gemeenskappe aanvaar het. Dit het beteken dat daar vier Owerheidsdepartemente was wat die maatskaplike welsynsdienste van die vier gemeenskappe moes behartig. 'n Spesiale interdepartementele kommissie moes ingestel word om die lewering van die maatskaplike welsynsdienste te koördineer. Dus was meer persone, 'n groter kapitaaluitleg en 'n duplisering van infrastukture nodig waarvoor Jan Publiek moes betaal.

Die veranderende omstandighede in Suid-Afrika het die Owerheid genoodsaak om meer te konsentreer op die uitbreiding van bestaande maatskaplike welsynsdienste en programme. Hieronder het getel kindermishandeling, bejaardesorg en gestremdesorg. Navorsing rakende maatskaplike probleme en kontak met oorsese lande het 'n belangrike aspek van die Owerheid se maatskaplike beplanning en vernuwing na 1960 geword. Meer klem is geplaas op indiensopleiding en die vermoë van die maatskaplike werker om op hoogte te bly van die nuutste metodes en tegnieke. Dit was belangrik vir die Owerheid

dat die maatskaplike werker in Owerheidsdiens gunstig moes vergelyk met die maatskaplike werkers in diens van buitelandse Owerhede.

Sedert die begin van die tagtigerjare het die swart, Kleurling-, en Indiërgemeenskap sterk geagiteer ter verkryging van groter verantwoordelikheid in die beplanning en bestuur van maatskaplike welsynsdienste van hulle eie sake. Die driekamerparlement van 1984 het in 'n sekere mate beantwoord aan die Indiër- en Kleurlinggemeenskap se behoeftes, maar dit was nog steeds nie voldoende nie. Die swart gemeenskap het egter nog altyd geen direkte politieke verteenwoordiging geniet nie. Die amptelike beleid van die Owerheid was dat die maatskaplike welsynsdienste van die swart gemeenskap deur die onderskeie Tuislande gekoördineer, geadministreer en gestruktureer moes word.

Eers in 1994, met die verkiesing en die inhuldiging van die eerste demokratiese Owerheid van Suid-Afrika, is alle maatskaplike welsynsdienste van die vier Suid-Afrikaanse gemeenskappe gekombineer in die Departement van Welsyn. Die kombinering van die onderskeie Owerheidsgeïnspireerde maatskaplike welsynsdienste bevestig die huidige politieke bedeling se verbintenis tot die demokratiese gelykheidsbeginsel.